



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Vol. 337

CAPE TOWN, 7 JULY 1993

KAAPSTAD, 7 JULIE 1993

No. 14925

STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 1165.

7 July 1993

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 93 of 1993: Joint Administrative Authority for Walvis Bay Act, 1993.

KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

No. 1165.

7 Julie 1993

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 93 van 1993: Wet op die Gesamentlike Administratiewe Owerheid vir Walvisbaai, 1993.

ACT

To establish a joint authority for the administration of Walvis Bay and certain islands, and in that regard to provide for certain agreements; and to provide for matters incidental thereto.

*(English text signed by the State President.)
(Assented to 23 June 1993.)*

BE IT ENACTED by the State President and the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Definitions

1. In this Act, unless the context otherwise indicates—
- (i) "Chief Executive Officers" means the Chief Executive Officers appointed under section 2(2)(a); (iv) 5
 - (ii) "Joint Administrative Authority" means the Joint Administrative Authority for Walvis Bay established by section 2(1); (ii)
 - (iii) "joint revenue fund" means the revenue fund established by section 9; (iii) 10
 - (iv) "management committee" means the management committee referred to in section 2(2)(b); (i)
 - (v) "Minister" means the Minister of Regional and Land Affairs; (v)
 - (vi) "Namibia" means the Republic of Namibia; (vi)
 - (vii) "respective Governments" means the Government of the Republic and the Government of Namibia; (vii) 15
 - (viii) "Walvis Bay" means the port, settlement and territory defined as the Port or Settlement of Walfish Bay on the West Coast of Africa and certain territory surrounding the same in the Walfish Bay and St John's River Territories Annexation Act, 1884 (Act No. 35 of 1884 of the Cape of Good Hope), including the islands, islets and rocks referred to in the Ichaboe and Penguin Islands Act, 1874 (Act No. 4 of 1874 of the Cape of Good Hope). (viii) 20

Establishment of Joint Administrative Authority for Walvis Bay

2. (1) There is hereby established a joint authority for the joint administration of Walvis Bay to be known as the Joint Administrative Authority for Walvis Bay. 25
- (2) The Joint Administrative Authority shall be seated at Walvis Bay and shall consist of—
- (a) two Chief Executive Officers, one of whom shall be appointed by the Government of the Republic, and one may be appointed by the Government of Namibia; and 30
 - (b) a management committee.
- (3) (a) Decisions by the Chief Executive Officers shall be taken by way of consensus.
- (b) If the Government of Namibia fails to appoint a Chief Executive Officer as contemplated in subsection (2)(a), the Chief Executive Officer appointed by the Government of the Republic shall solely act as such, and all references in this Act to the actions of the Chief Executive Officers shall be deemed to be references to the actions of the Chief Executive Officer appointed by the Government of the Republic. 40
 - (c) If the Chief Executive Officer appointed by the Government of the Republic is unable to perform his duties the Government of the Republic shall appoint a person to act in his stead as Chief Executive Officer, and the Government of

WET

Om 'n gesamentlike owerheid vir die administrasie van Walvisbaai en sekere eilande in te stel, en in daardie verband voorsiening te maak vir sekere ooreenkomste; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 23 Junie 1993.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Woordomskrywing

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—
- 5 (i) “bestuurskomitee” die bestuurskomitee bedoel in artikel 2(2)(b); (iv)
 - (ii) “Gesamentlike Administratiewe Owerheid” die Gesamentlike Administratiewe Owerheid vir Walvisbaai ingestel by artikel 2(1); (ii)
 - (iii) “gesamentlike inkomstefonds” die inkomstefonds ingestel by artikel 9;
 - 10 (iv) “Hoof Uitvoerende Beamptes” die Hoof Uitvoerende Beamptes aangestel kragtens artikel 2(2)(a); (i)
 - (v) “Minister” die Minister van Streek- en Grondsake; (v)
 - (vi) “Namibië” die Republiek van Namibië; (vi)
 - 15 (vii) “onderskeie Regerings” die Regering van die Republiek en die Regering van Namibië; (vii)
 - (viii) “Walvisbaai” die hawe, nedersetting en gebied omskryf as die Hawe of Nedersetting van Walvisbaai aan die Weskus van Afrika en 'n sekere gebied wat dit omring in die Walfish Bay and St John's River Territories Annexation Act, 1884 (Wet No. 35 van 1884 van die Kaap die Goeie Hoop), en ook die eilande en rotse bedoel in die Ichaboe and Penguin Islands Act, 1874 (Wet No. 4 van 1874 van die Kaap die Goeie Hoop). (viii)
 - 20

Instelling van Gesamentlike Administratiewe Owerheid vir Walvisbaai

2. (1) Daar word hierby vir die gesamentlike administrasie van Walvisbaai 'n
25 gesamentlike owerheid wat die Gesamentlike Administratiewe Owerheid vir Walvisbaai heet, ingestel.

(2) Die Gesamentlike Administratiewe Owerheid is gesetel te Walvisbaai en bestaan uit—

(a) twee Hoof Uitvoerende Beamptes, van wie een deur die Regering van
30 die Republiek aangestel word, en een deur die Regering van Namibië aangestel kan word; en

(b) 'n bestuurskomitee.

(3) (a) Besluite deur die Hoof Uitvoerende Beamptes word by wyse van
konsensus geneem.

35 (b) Indien die Regering van Namibië nie 'n Hoof Uitvoerende Beampte beoog in subartikel (2)(a) aanstel nie, tree die Hoof Uitvoerende Beampte aangestel deur die Regering van die Republiek alleen as sodanig op, en word alle verwysings in hierdie Wet na die optrede van die Hoof Uitvoerende Beamptes geag verwysings na die optrede van die Hoof Uitvoerende Beampte aangestel
40 deur die Regering van die Republiek te wees.

(c) Indien die Hoof Uitvoerende Beampte aangestel deur die Regering van die Republiek nie in staat is om sy pligte te verrig nie, stel die Regering van die Republiek 'n persoon aan om in sy plek as Hoof Uitvoerende Beampte waar te neem, en die Regering van Namibië kan 'n persoon aanstel om aldus waar te

Namibia may appoint a person so to act if the Chief Executive Officer appointed by the Government of Namibia is unable to perform his duties.

(d) A person acting as Chief Executive Officer in terms of paragraph (c) may exercise all the powers and shall perform all the duties and functions of the Chief Executive Officer concerned. 5

(4) (a) The constitution of the management committee shall, subject to the provisions of paragraph (b), be as determined from time to time by agreement by the respective Governments.

(b) If the Government of Namibia fails to appoint persons to serve on the management committee the management committee shall consist of the members who have been appointed by the Republic in terms of the agreement. 10

(5) The powers, functions and duties of the Joint Administrative Authority, the Chief Executive Officers and the management committee shall, subject to the provisions of this Act, be as determined from time to time by agreement by the respective Governments. 15

(6) The Chief Executive Officers and the members of the management committee shall be appointed subject to the conditions and for the term determined by the Government which may appoint the Chief Executive Officer concerned or the members concerned of the management committee.

(7) The arrangements regarding the convening of meetings of the Joint Administrative Authority and the management committee, and the quorum for, the manner in which decisions shall be taken and the procedures during such meetings, shall be as determined from time to time by agreement by the respective Governments. 20

(8) The respective Governments may by agreement make any other arrangement which they deem necessary in order to give effect to the provisions of this section. 25

Committees

3. (1) The Chief Executive Officers may on the recommendation of the Joint Administrative Authority nominate one or more committees which shall, subject to the instructions of the Chief Executive Officers, perform such functions as the Chief Executive Officers may determine. 30

(2) A committee may consist of members of the management committee or of such members and any other person or persons.

Transfer of certain powers, duties and functions to Chief Executive Officers 35

4. (1) The State President may, to the extent to which he deems it necessary, by proclamation in the *Gazette*—

- (a) assign the administration of any law, or any provision in a law—
 - (i) which entrusts to a Minister any power, duty or other function;
 - (ii) assigned by him under section 15(1) of the Provincial Government Act, 1986 (Act No. 69 of 1986), to the Administrator of the province of the Cape of Good Hope, 40

jointly to the Chief Executive Officers: Provided that the power to promulgate proclamations, government notices or regulations in terms of any such law, is excluded from the assignment, and such power shall be exercised by the State President, or the Minister concerned with the concurrence of the Minister, as the case may be; 45

- (b) authorize the Chief Executive Officers jointly to exercise a power, or perform a duty or function, which has been assigned by law or any provision in a law, to a Minister or to the Administrator referred to in paragraph (a). 50

(2) When issuing any assignment under subsection (1) the State President may regulate any matter which, in his opinion, is necessary to enable the Chief Executive Officers to do what they are by virtue of the assignment permitted or required to do, including— 55

- (a) the designation of the persons referred to in section 5(1) who shall assist the Chief Executive Officers with the administration of the law or provision which is the subject of such assignment, and the arrangements

neem indien die Hoof Uitvoerende Beampte aangestel deur die Regering van Namibië nie in staat is om sy pligte te verrig nie.

(d) 'n Persoon wat ingevolge paragraaf (c) as Hoof Uitvoerende Beampte waarneem, oefen al die bevoegdhede uit en verrig al die pligte en werksaamhede van die betrokke Hoof Uitvoerende Beampte.

(4) (a) Die samestelling van die bestuurskomitee is, behoudens die bepalings van paragraaf (b), soos van tyd tot tyd deur die onderskeie Regerings by ooreenkoms bepaal.

(b) Indien die Regering van Namibië nie persone aanstel om in die bestuurskomitee te dien nie, bestaan die bestuurskomitee uit die lede wat ingevolge die ooreenkoms deur die Republiek aangestel is.

(5) Die bevoegdhede, werksaamhede en pligte van die Gesamentlike Administratiewe Owerheid, die Hoof Uitvoerende Beamptes en die bestuurskomitee is, behoudens die bepalings van hierdie Wet, soos van tyd tot tyd deur die onderskeie Regerings by ooreenkoms bepaal.

(6) Die Hoof Uitvoerende Beamptes en die lede van die bestuurskomitee word aangestel onderworpe aan die voorwaardes en vir die termyn wat bepaal word deur die Regering wat die betrokke Hoof Uitvoerende Beampte of die betrokke lede van die bestuurskomitee aanstel.

(7) Die reëlings betreffende die byeenroep van vergaderings van die Gesamentlike Administratiewe Owerheid en die bestuurskomitee, en die kworum vir, die wyse waarop besluite geneem word en die prosedure tydens sodanige vergaderings, is soos van tyd tot tyd deur die onderskeie Regerings by ooreenkoms bepaal.

(8) Die onderskeie Regerings kan by ooreenkoms enige ander reëling tref wat hulle nodig ag ten einde aan die bepalings van hierdie artikel uitvoering te gee.

Komitees

3. (1) Die Hoof Uitvoerende Beamptes kan op aanbeveling van die Gesamentlike Administratiewe Owerheid een of meer komitees benoem wat, onderworpe aan die voorskrifte van die Hoof Uitvoerende Beamptes, die werksaamhede verrig wat die Hoof Uitvoerende Beamptes bepaal.

(2) 'n Komitee kan bestaan uit lede van die bestuurskomitee of uit sodanige lede en enige ander persoon of persone.

Oordrag van sekere bevoegdhede, pligte en werksaamhede aan Hoof Uitvoerende Beamptes

4. (1) Die Staatspresident kan, in die mate waartoe hy dit nodig ag, by proklamasie in die *Staatskoerant*—

(a) die uitvoering van 'n wet, of 'n bepaling in 'n wet—

(i) wat aan 'n Minister 'n bevoegdheid, plig of ander werksaamheid toewys;

(ii) wat deur hom kragtens artikel 15(1) van die Wet op Provinsiale Regering, 1986 (Wet No. 69 van 1986), aan die Administrateur van die provinsie die Kaap die Goeie Hoop opgedra is,

gesamentlik aan die Hoof Uitvoerende Beamptes opdra: Met dien verstande dat die bevoegdheid om ingevolge enige sodanige wet proklamasies, goewermentskennisgewings of regulasies uit te vaardig, uitgesluit is van die opdrag, en sodanige bevoegdheid deur die Staatspresident, of die betrokke Minister met die instemming van die Minister, na gelang van die geval, uitgeoefen word;

(b) die Hoof Uitvoerende Beamptes magtig om gesamentlik 'n bevoegdheid uit te oefen, of 'n plig of werksaamheid te verrig, wat by wet of 'n bepaling in 'n wet aan 'n Minister of aan die Administrateur bedoel in paragraaf (a) opgedra is.

(2) By die uitreiking van 'n opdrag kragtens subartikel (1) kan die Staatspresident enige aangeleentheid reël wat volgens sy oordeel nodig is om die Hoof Uitvoerende Beamptes in staat te stel om te doen wat hulle uit hoofde van die opdrag kan of moet doen, met inbegrip van—

(a) die aanwysing van die persone bedoel in artikel 5(1) wat die Hoof Uitvoerende Beamptes met die uitvoering van die wet of bepaling wat die onderwerp van die opdrag is, moet bystaan, en die reëlings

regarding the assignment of certain powers, functions and duties to those persons in order to enable them so to assist the Chief Executive Officers;

(b) the amendment of a law or provision which is the subject of such assignment;

(c) the transfer to the Joint Administrative Authority as a charge against the joint revenue fund of any liabilities which arose prior to the date of such assignment, in connection with the administration of the law or provision which is the subject of such assignment. 5

(3) Whenever, and for as long as, the administration of any law or any provision which confers a power or imposes a duty upon or entrusts another function to a Minister has under subsection (1)(a) been assigned by the State President to the Chief Executive Officers, that power may be exercised by the Chief Executive Officers, and that duty shall and that function may be performed by them, and, subject to the provisions of subsection 2— 10

(a) any reference in that law or provision to a department referred to in section 6(1) of the Public Service Act, 1984 (Act No. 111 of 1984), in which that law or provision was administered, shall be construed as a reference to the administration of the Joint Administrative Authority; 15

(b) any reference in that law or provision to an officer or employee in the public service, or to such an officer or employee holding a specified office in a department referred to in paragraph (a), shall be construed as a reference to an officer or employee in the administration of the Joint Administrative Authority or, as the case may be, as a reference to an officer or employee holding a corresponding office in that administration; and 20 25

(c) any action taken under that law or provision prior to the date on which the administration thereof was so assigned, shall remain in full force and effect as if it had been taken by the person who on that date was, by virtue of the assignment of the administration of that law or provision or the provisions of this section, competent to take such action. 30

(4) (a) The State President may at any time, on the written request of the Chief Executive Officers, withdraw an assignment issued under subsection (1): Provided that if an assignment issued under subsection (1)(a) is withdrawn, the administration of such law or provision shall revert to the authority in which it vested before the assignment. 35

(b) When withdrawing any assignment under paragraph (a), the State President may regulate any matter which, in his opinion, is necessary to enable the Minister concerned, or the Administrator referred to in subsection (1)(a)(ii), again to administer the law or provision which was the subject of such assignment.

(c) The withdrawal of an assignment under paragraph (a) shall not invalidate anything validly done by virtue of such assignment. 40

(5) The withdrawal of an assignment and the regulation of any matter referred to in subsection (4), shall be published by means of a proclamation in the *Gazette*.

Performance of work incidental to functions of Joint Administrative Authority

5. (1) The work incidental to the carrying out of the functions of the Joint Administrative Authority shall be performed by— 45

(a) officers or employees in the public service placed at the disposal of the Joint Administrative Authority under section 14(3) of the Public Service Act, 1984 (Act No. 111 of 1984);

(b) officers or employees in the Namibian Government Service who may be placed at the disposal of the Joint Administrative Authority under a corresponding provision of a law of Namibia; 50

(c) any statutory body or employees of any statutory body in accordance with any arrangement between the Joint Administrative Authority and such statutory body; and 55

- betreffende die opdra van sekere bevoegdhede, werksaamhede en pligte aan daardie persone ten einde hulle in staat te stel om die Hoof Uitvoerende Beamptes aldus by te staan;
- 5 (b) die wysiging van 'n wet of bepaling wat die onderwerp van die opdrag is;
- (c) die oordrag aan die Gesamentlike Administratiewe Owerheid as 'n las teen die gesamentlike inkomstefonds van enige verpligtings wat voor die datum van die opdrag ontstaan het in verband met die uitvoering van die wet of bepaling wat die onderwerp van dié opdrag is.
- 10 (3) Wanneer, en vir so lank, die uitvoering van 'n wet of 'n bepaling wat aan 'n Minister 'n bevoegdheid verleen of 'n plig oplê of 'n ander werksaamheid toevertrou, deur die Staatspresident kragtens subartikel (1)(a) aan die Hoof Uitvoerende Beamptes opgedra is, kan daardie bevoegdheid deur die Hoof
- 15 Uitvoerende Beamptes uitgeoefen word en moet daardie plig en kan daardie werksaamheid deur hulle verrig word, en, behoudens die bepalings van subartikel (2)—
- (a) word 'n verwysing in daardie wet of bepaling na 'n departement bedoel in artikel 6(1) van die Staatsdienswet, 1984 (Wet No. 111 van 1984), waarin daardie wet of bepaling uitgevoer is, uitgelê as 'n verwysing na
- 20 die administrasie van die Gesamentlike Administratiewe Owerheid;
- (b) word 'n verwysing in daardie wet of bepaling na 'n beampte of werknemer in die staatsdiens, of na so 'n beampte of werknemer wat 'n bepaalde betrekking in 'n departement bedoel in paragraaf (a) beklee, uitgelê as 'n verwysing na 'n beampte of werknemer in die admini-
- 25 strasie van die Gesamentlike Administratiewe Owerheid of, na gelang van die geval, as 'n verwysing na 'n beampte of werknemer wat 'n ooreenstemmende betrekking in daardie administrasie beklee; en
- (c) bly enige stappe gedoen ingevolge so 'n wet of bepaling voor die datum waarop die uitvoering daarvan aldus opgedra is, ten volle van krag asof dit gedoen is deur die persoon wat op daardie datum uit hoofde van die
- 30 opdrag van die uitvoering van daardie wet of bepaling of die bepalings van hierdie artikel bevoeg was om daardie stappe te doen.
- (4) (a) Die Staatspresident kan te eniger tyd op die skriftelike versoek van die Hoof Uitvoerende Beamptes 'n opdrag kragtens subartikel (1) uitgereik, intrek:
- 35 Met dien verstande dat indien 'n opdrag uitgereik kragtens subartikel (1)(a) ingetrek word, die uitvoering van so 'n wet of bepaling weer berus by die gesag by wie dit voor die opdrag berus het.
- (b) By die intrekking van 'n opdrag kragtens paragraaf (a) kan die Staatspresident enige aangeleentheid reël wat volgens sy oordeel nodig is om die betrokke
- 40 Minister of die Administrateur bedoel in subartikel (1)(a)(ii) in staat te stel om die wet of bepaling wat die onderwerp van dié opdrag was weer uit te voer.
- (c) Die intrekking van 'n opdrag kragtens paragraaf (a) maak nie iets wat geldig uit hoofde van die opdrag gedoen is, ongeldig nie.
- (5) Die intrekking van 'n opdrag en die reëling van 'n aangeleentheid bedoel
- 45 in subartikel (4), word by wyse van 'n proklamasie in die *Staatskoerant* afgekondig.

Verrigting van werk verbonde aan werksaamhede van Gesamentlike Administratiewe Owerheid

5. (1) Die werk verbonde aan die verrigting van die werksaamhede van die
- 50 Gesamentlike Administratiewe Owerheid word verrig deur—
- (a) beamptes of werknemers in die staatsdiens wat kragtens artikel 14(3) van die Staatsdienswet, 1984 (Wet No. 111 van 1984), tot die beskikking van die Gesamentlike Administratiewe Owerheid gestel is;
- 55 (b) beamptes of werknemers in die Regeringsdiens van Namibië wat kragtens 'n ooreenstemmende bepaling van 'n wet van Namibië tot die beskikking van die Gesamentlike Administratiewe Owerheid gestel kan word;
- (c) 'n statutêre liggaam of werknemers van 'n statutêre liggaam ooreen-
- 60 komstig 'n reëling tussen die Gesamentlike Administratiewe Owerheid en so 'n statutêre liggaam; en

- (d) persons employed by the Joint Administrative Authority.
- (2) Any person employed in terms of subsection (1)(d) shall receive such remuneration and allowances as the Chief Executive Officers may determine.

Joint revenue fund

6. (1) A joint revenue fund for the Joint Administrative Authority is hereby established, into which shall be paid— 5
- (a) any moneys appropriated by Parliament for this purpose;
 - (b) any contribution which is made to the Joint Administrative Authority from the Revenue Fund of Namibia;
 - (c) interest earned on investments in terms of subsection (5); and 10
 - (d) any other moneys accruing to the Joint Administrative Authority in consequence of the performance of its functions or by way of any grant or donation or from any other source,
- and from which shall be defrayed all expenditure incurred by the Joint Administrative Authority in the exercise of its powers or the performance of its duties or other functions. 15
- (2) (a) The Joint Administrative Authority—
- (i) shall in each financial year prepare a statement of its estimated revenue and expenditure in respect of the next succeeding financial year and thereafter submit it to the Minister; 20
 - (ii) may from time to time, either before the commencement of or during a financial year, amend the statement of its estimated revenue and expenditure for that financial year prepared in terms of paragraph (a), and shall submit such amended statement to the Minister.
- (b) The statement and the amended statement of estimated revenue and expenditure referred to in paragraph (a) shall also be submitted to the Government of Namibia. 25
- (3) The financial year of the Joint Administrative Authority shall end on 31 March of each year.
- (4) (a) No money shall be withdrawn from the joint revenue fund save under the authority of a resolution of the Joint Administrative Authority and in accordance with a statement of expenditure tabled in Parliament: Provided that this subsection shall not prevent the Joint Administrative Authority from applying the moneys referred to in subsection (1)(d), for the purpose for which such moneys were granted or donated to the Joint Administrative Authority. 30 35
- (b) The statement of expenditure referred to in paragraph (a) shall also be submitted to the Government of Namibia.
- (c) The Joint Administrative Authority may make funds available from the joint revenue fund for use outside Walvis Bay, but within the Republic or within Namibia, in respect of a project approved by the Minister, with the concurrence of the Minister of State Expenditure. 40
- (5) Money in the joint revenue fund which is not required for immediate use or as a reasonable working balance, shall be invested in the Republic or in Namibia as the Chief Executive Officers may determine, and in accordance with the laws of the Republic or of Namibia, as the case may be. 45
- (6) Any balance in the joint revenue fund at the end of any financial year shall be carried forward to the next ensuing financial year, and shall, for the purposes of subsection (2)(a)(i), be deemed to be revenue for that ensuing financial year.
- (7) The Joint Administrative Authority is exempted from the payment of any transfer duty, stamp duty, levies or money which in terms of any law would, but for this provision, have been payable by the Joint Administrative Authority to the State. 50

Accountability with respect to joint revenue fund

7. (1) The Chief Executive Officers shall be the accounting officers with respect to the joint revenue fund, and shall as such jointly be charged with the responsibility of accounting for all the moneys paid into the joint revenue fund and for all the moneys paid out of the fund. 55

- (d) persone wat deur die Gesamentlike Administratiewe Owerheid in diens geneem word.
- (2) 'n Persoon wat ingevolge subartikel (1)(d) in diens geneem is, ontvang die vergoeding en toelaes wat die Hoof Uitvoerende Beampes bepaal.

5 Gesamentlike inkomstefonds

6. (1) Daar word hierby 'n gesamentlike inkomstefonds vir die Gesamentlike Administratiewe Owerheid ingestel, waarin gestort word—
- (a) enige geld vir dié doel deur die Parlement bewillig;
- 10 (b) enige bydrae wat aan die Gesamentlike Administratiewe Owerheid gedoen word uit die Inkomstefonds van Namibië;
- (c) rente wat uit beleggings ingevolge subartikel (5) verdien word; en
- (d) enige ander geld wat die Gesamentlike Administratiewe Owerheid toeval na aanleiding van die verrigting van sy werksaamhede of deur
- 15 en waaruit alle uitgawes deur die Gesamentlike Administratiewe Owerheid by die uitoefening van sy bevoegdhede of die verrigting van sy pligte of ander werksaamhede aangegaan, bestry moet word.
- (2) (a) Die Gesamentlike Administratiewe Owerheid—
- (i) moet in elke boekjaar 'n staat van sy geraamde inkomste en uitgawes
- 20 ten opsigte van die daaropvolgende boekjaar opstel en daarna aan die Minister voorlê;
- (ii) kan van tyd tot tyd, hetsy voor die aanvang van of gedurende 'n boekjaar, 'n staat van geraamde inkomste en uitgawes vir daardie
- 25 boekjaar ingevolge paragraaf (a) opgestel, wysig, en moet die gewysigde staat aan die Minister voorlê.
- (b) Die staat en die gewysigde staat van geraamde inkomste en uitgawes bedoel in paragraaf (a) word ook aan die Regering van Namibië voorgelê.
- (3) Die boekjaar van die Gesamentlike Administratiewe Owerheid eindig op
- 30 31 Maart van elke jaar.
- (4) (a) Geen geld word uit die gesamentlike inkomstefonds onttrek nie behalwe op gesag van 'n besluit van die Gesamentlike Administratiewe Owerheid en ooreenkomstig 'n staat van uitgawes wat in die Parlement ter Tafel gelê
- 35 is: Met dien verstande dat hierdie subartikel nie die Gesamentlike Administratiewe Owerheid belet om die geld bedoel in subartikel (1)(d) aan te wend vir die doel waarvoor sodanige geld aan die Gesamentlike Administratiewe Owerheid toegeken of geskenk is nie.
- (b) Die staat van uitgawes bedoel in paragraaf (a) word ook aan die Regering van Namibië voorgelê.
- (c) Die Gesamentlike Administratiewe Owerheid kan geld uit die gesament-
- 40 like inkomstefonds beskikbaar stel vir gebruik buite Walvisbaai, maar in die Republiek of in Namibië, ten opsigte van 'n projek wat deur die Minister, met die instemming van die Minister van Staatsbesteding, goedgekeur is.
- (5) Geld in die gesamentlike inkomstefonds wat nie vir onmiddellike gebruik of as 'n redelike bedryfsaldo nodig is nie, moet belê word in die Republiek of in
- 45 Namibië soos die Hoof Uitvoerende Beampes mag bepaal, en ooreenkomstig die wette van die Republiek of van Namibië, na gelang van die geval.
- (6) 'n Saldo in die gesamentlike inkomstefonds aan die einde van 'n boekjaar word na die volgende boekjaar oorgedra, en word vir die doeleindes van subartikel (2)(a)(i) geag inkomste van daardie volgende boekjaar te wees.
- 50 (7) Die Gesamentlike Administratiewe Owerheid word vrygestel van die betaling van hereregte, seëlregte, heffings of gelde wat ingevolge enige wet, as dit nie vir hierdie bepaling was nie, deur die Gesamentlike Administratiewe Owerheid aan die Staat betaalbaar sou gewees het.

Rekenpligtigheid ten aansien van gesamentlike inkomstefonds

- 55 7. (1) Die Hoof Uitvoerende Beampes is die rekenpligtige beampes ten aansien van die gesamentlike inkomstefonds, en is as sodanig gesamentlik belas met die verantwoordings van al die geld wat in die gesamentlike inkomstefonds gestort en van al die geld wat daaruit betaal word.

(2) The accounting officers shall keep in one of the official languages of the Republic and in the official language of Namibia such accounting records and other records as are necessary to reflect the transactions in respect of, and the financial state of affairs in, the joint revenue fund.

(3) The provisions of the Exchequer Act, 1975 (Act No. 66 of 1975), and the regulations and instructions issued thereunder shall apply *mutatis mutandis* in respect of the joint revenue fund, save to the extent to which they are inconsistent with a provision of this Act or a proclamation promulgated under this Act or are excluded by such proclamation. 5

Auditing 10

8. (1) The accounting and other records referred to in section 7 shall be audited by the Auditor-General, and shall be open to inspection by the Auditor-General of Namibia.

(2) The provisions of section 6 of the Auditor-General Act, 1989 (Act No. 52 of 1989), shall apply *mutatis mutandis* in respect of an audit under subsection (1): Provided that the copy of the report and financial statements referred to in subsection (4) of that section shall also be transmitted to the Government of Namibia. 15

Legal proceedings against Joint Administrative Authority

9. The State Liability Act, 1957 (Act No. 20 of 1957), shall apply *mutatis mutandis* in respect of the Joint Administrative Authority, and in such application any reference in that Act to— 20

- (a) a Minister of a department shall be construed as a reference to the Chief Executive Officers; and
- (b) the Consolidated Revenue Fund shall be construed as a reference to the joint revenue fund. 25

Secrecy

10. (1) Subject to the provisions of any law referred to in section 4, any member of the Joint Administrative Authority, or any person referred to in section 5, shall not disclose confidential information which he obtained in the performance of his functions, except— 30

- (a) to the extent to which it may be necessary for the proper administration of a provision of this Act, any other law or a proclamation promulgated under this Act;
- (b) to any person who of necessity requires it for the performance of his functions in terms of this Act; 35
- (c) when required to do so by order of a court of law;
- (d) to any competent authority which requires it for the institution, or an investigation with a view to the institution, of any criminal proceedings; 40
- or
- (e) with the permission of the Joint Administrative Authority.

(2) Any person who contravenes a provision of subsection (1) shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine, or to imprisonment for a period not exceeding 12 months.

Agreements entered into prior to commencement of Act 45

11. (1) Any agreement entered into by the respective Governments prior to the commencement of this Act and any arrangements made by virtue of such an agreement shall be deemed to have been entered into and made under and by virtue of the provisions of section 2, if that agreement and those arrangements could have been entered into and made under and by virtue of the provisions of section 2. 50

(2) For the purposes of subsection (1) the Joint Administrative Authority shall be deemed to have been established on 1 November 1992.

(2) Die rekenpligtige beamptes moet in een van die amptelike tale van die Republiek en in die amptelike taal van Namibië die rekeningkundige aantekeninge en ander aantekeninge hou wat nodig is om die transaksies ten opsigte van, en die finansiële stand van sake in, die gesamentlike inkomstefonds te 5 verduidelik.

(3) Die bepalings van die Skatkiswet, 1975 (Wet No. 66 van 1975), en die regulasies en voorskrifte daarkragtens uitgevaardig, is *mutatis mutandis* ten opsigte van die gesamentlike inkomstefonds van toepassing, behalwe vir sover hulle met 'n bepaling van hierdie Wet of 'n proklamasie kragtens hierdie Wet 10 uitgevaardig, onbestaanbaar is of deur sodanige proklamasie uitgesluit word.

Ouditering

8. (1) Die rekeningkundige en ander aantekeninge bedoel in artikel 7 word deur die Ouditeur-generaal geouditeer, en is beskikbaar ter insae deur die Ouditeur-generaal van Namibië.

15 (2) Die bepalings van artikel 6 van die Wet op die Ouditeur-generaal, 1989 (Wet No. 52 van 1989), is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van 'n oudit kragtens subartikel (1): Met dien verstande dat die afskrif van die verslag en finansiële state bedoel in subartikel (4) van daardie artikel ook aan die Regering van Namibië gestuur word.

20 Regsgedinge teen Gesamentlike Administratiewe Owerheid

9. Die Wet op Staatsaanspreeklikheid, 1957 (Wet No. 20 van 1957), is *mutatis mutandis* ten opsigte van die Gesamentlike Administratiewe Owerheid van toepassing, en by sodanige toepassing word 'n verwysing in daardie Wet na—

- 25 (a) 'n Minister van 'n departement uitgelê as 'n verwysing na die Hoof Uitvoerende Beamptes; en
(b) die Gekonsolideerde Inkomstefonds uitgelê as 'n verwysing na die gesamentlike inkomstefonds.

Geheimhouding

10. (1) Behoudens die bepalings van 'n wet bedoel in artikel 4, mag 'n lid van 30 die Gesamentlike Administratiewe Owerheid, of 'n persoon bedoel in artikel 5, nie vertroulike inligting openbaar wat hy by die verrigting van sy werksaamhede verkry het nie, behalwe—

- 35 (a) in die mate waarin dit vir die behoorlike uitvoering van 'n bepaling van hierdie Wet, enige ander wet of 'n proklamasie uitgevaardig kragtens hierdie Wet nodig mag wees;
(b) aan iemand wat dit noodsaaklikerwys vir die verrigting van sy werksaamhede ingevolge hierdie Wet nodig het;
(c) wanneer hy by bevel van 'n geregshof aangesê is om dit te doen;
(d) aan 'n bevoegde gesag wat dit vir die instelling, of 'n ondersoek met die 40 oog op die instelling, van 'n strafregtelike vervolging nodig het; of
(e) met die toestemming van die Gesamentlike Administratiewe Owerheid.

(2) Iemand wat 'n bepaling van subartikel (1) oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete, of met gevangenisstraf vir 'n 45 tydperk van hoogstens 12 maande.

Ooreenkomste voor inwerkingtreding van Wet aangegaan

11. (1) Enige ooreenkoms wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet deur die onderskeie Regerings aangegaan is en enige reëlings getref uit hoofde van so 'n ooreenkoms word geag kragtens en uit hoofde van die bepalings van artikel 50 2 aangegaan en getref te wees, indien daardie ooreenkoms en reëlings kragtens en uit hoofde van die bepalings van artikel 2 aangegaan en getref sou kon word.

(2) By die toepassing van subartikel (1) word daar geag dat die Gesamentlike Administratiewe Owerheid op 1 November 1992 ingestel is.